


© Die Oratorium Uitgewery

# St. Agatha

## 5 Februarie

(sterf c.250)

Volgens oorlewering was sy die baie mooi dogter van 'n prominente familie in die stad Catania op die eiland Sicilië. Op hierdie tydstip was die Christelike godsdiens nog streng verbode in die destydse Romeinse ryk. Sy word in die geheim Christen en besluit om haar lewe aan Christus te wy. Toe 'n heidense Romeinse senator, genaamd Quintianus, vra om met haar te trou weier sy. Hy probeer sy mag gebruik om haar tot 'n huwelik te dwing, sonder enige sukses. Toe dit egter aan die lig kom dat sy boonop 'n Christen was, was daar geen perke aan sy gekrenkte eer en woede nie. Sy is gruwelik gefolter en sterf aan haar wonde. Kort daarna het Quintianus verdrink toe hy van sy perd afgegooi is waar hy 'n vol rivier wou oorsteek.